education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 10

## EKONOMIE

## MODELVRAESTEL

**PUNTE: 300**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye.**

**144 0 A**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord SES vrae soos volg:

   AFDELING A: VERPLIGTEND. Gebruik die gegewe ANTWOORDEBOEK.
   AFDELING B: Beantwoord enige DRIE vrae in die ANTWOORDEBOEK.
   AFDELING C: Beantwoord enige TWEE vrae in die ANTWOORDEBOEK.

2. Skryf die vraagnommer boaan elke antwoord.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Lees die vrae aandagtig en begin elke vraag op 'n NUWE bladsy.

5. Laat 2 - 3 reëls oop tussen onderafdelings van vrae.

6. Gee antwoorde in volsinne en maak seker dat die formaat en inhoud van jou antwoord ooreenstem met die kognitiewe vereiste van die vraag.

7. Skryf netjies en leesbaar.

8. Beantwoord slegs die vereiste aantal vrae. Enige antwoorde meer as die vereiste aantal, sal NIE nagesien word nie.

9. Gebruik slegs blou of swart ink. Antwoorde met potlood sal NIE nagesien word nie.

10. Nie-programmeerbare sakrekenaars mag gebruik word.

**AFDELING A (VERPLIGTEND)**

**VRAAG 1**

1.1 Verskeie moontlike opsies word as antwoorde vir die volgende vrae verskaf. Skryf slegs die letter (A – C) langs die vraagnommer in jou ANTWOORDEBOEK.

1.1.1 'n Vermindering in persoonlike belasting, sal tot 'n styging in besteding lei.

Dit is 'n voorbeeld van 'n ... stelling.

A positiewe
B negatiewe
C normatiewe

1.1.2 Die basiese probleem wat deur alle lande ervaar word is ...

A verdeling.
B skaarsheid.
C produksie.

1.1.3 Die onderste draaipunt in die sakesiklus word die ... genoem.

A trog
B resessie
C depressie

1.1.4 Verbruikers betaal minder vir sekere goedere en dienste as die pryse wat deur produsente gevra word is, as gevolg van ...

A verbruikersboikotte.
B lae inkomste.
C owerheidsubsidies.

1.1.5 Die feit dat produk A opgeoffer word om produk B te kan bekostig, illustreer die konsep van ...

A geleentheidskoste.
B verbruikersurplus.
C produksiekoste.

1.1.6 Een van die kenmerke van 'n volmaakte mark is ...

A beperkte toegang.
B homogene produkte.
C owerheidsinmenging.

1.1.7 Spesialisasie het tot ... bygedra.

A 'n toename in werkloosheid.
B grootskaalse armoede.
C die ontwikkeling van markte.

1.1.8 Die ontdekking van inheemse San-rotskuns in Suid-Afrika het tot 'n toename in ... gelei.

A toerisme
B imperialisme
C kolonialisme

1.1.9 Die MIV/Vigs-pandemie het veroorsaak dat die aanbod van arbeid in die arbeidsmark ... het.

A toegeneem
B afgeneem
C konstant gebly

1.1.10 Mense wat ..., is werkloos volgens die eng definisie van werkloosheid.

A nie werk nie
B onaktief is
C aktief werk soek

1.1.11 Gelyke geleenthede en die billike hantering van werkers, word deur die Wet op ... aangespreek.

A Arbeidsverhoudinge
B Gelyke Indiensneming
C Vaardigheidsontwikkeling

1.1.12 Die beleid en praktyk gemik op sosiale, ekonomiese en onderrig-ongelykhede, staan as ... bekend.

A grondrestitusie
B marginalisasie
C regstellende aksie (12 x 2) (24)

1.2 Kies die korrekte woord tussen hakies. Skryf slegs die korrekte woord langs die vraagnommer (1.2.1 - 1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.2.1 Die studie van die owerheid se rol in die ekonomie, staan as (monetêre/openbare sektor) -ekonomie bekend.

1.2.2 Belasting gehef op besteding, staan as (direkte/indirekte) belasting bekend.

1.2.3 Die Suid-Afrikaanse Reserwebank is in 1921 gestig om onder meer die uitreiking van (aandele/note) te beheer.

1.2.4 Sedert 1990 is al minder mense in staat om werk te kry in die (formele/informele) sektor.

1.2.5 In Suid-Afrika word Belasting op Toegevoegde Waarde teen (14%/15%) op goedere en dienste gehef. (5 x 2) (10)

1.3 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat die beste by die konsep in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A - I) langs die vraagnommer (1.3.1 - 1.3.8) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.3.1 Makro-ekonomie | A die toepassing van statistiese metodes in die ekonomie |
| 1.3.2 Ekonometrie | B die prys waarteen die vraag en aanbod dieselfde is |
| 1.3.3 Mikro-ekonomie | C 'n filosofie van handelaars en staatsmanne in die 16de en 17de eeue |
| 1.3.4 Ewewigsprys | D 'n studie van totale in die ekonomie |
| 1.3.5 Feudalisme | E gedrag van individuele besluit-nemingseenhede |
| 1.3.6 Merkantilisme | F werkloosheid gedurende die afswaaifase van ekonomiese aktiwiteit |
| 1.3.7 Sikliese werkloosheid | G die algehele onvermoë van die ekonomie om werk te verskaf |
| 1.3.8 Strukturele werkloosheid | H politieke en millitêre stelsels |
| | I werkloosheid gedurende die proses van verandering in in-diensneming (8 x 2) |

(16)

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B

Beantwoord enige DRIE vrae uit hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

### VRAAG 2: LU1, MAKRO-EKONOMIE, AS1 – AS4

2.1 Beantwoord die volgende vrae soos aangedui:

Vul die ontbrekende woord(e) in. Skryf slegs die ontbrekende woord(e) langs die vraagnommer (2.1.1 - 2.1.4) in die antwoordeboek neer.

2.1.1 Mense maak keuses omdat hul behoeftes groter is as die ... .


2.1.2 Ondernemings wat deur die owerheid tot stand gebring is, word ... genoem.

2.1.3 Die primêre doel van die openbare sektor is die bevrediging van ... behoeftes.

2.1.4 In 'n sakesiklus staan die tydperk waar daar 'n toename in ekonomiese aktiwiteite is, as ... bekend. (4 x 2) (8)

2.1.5 Noem enige DRIE ekonomiese doelwitte van die owerheid. (3 x 2) (6)

2.2 Bestudeer die volgende diagram en beantwoord die daaropvolgende vrae:




2.2.1 Identifiseer die volgende byskrifte op die diagram:

A
B
C
D
E (5 x 2) (10)

2.2.2 Watter ekonomiese verskynsel word deur die diagram voorgestel? (2)

2.2.3 Identifiseer die elemente van die volgende vergelyking:

S + T + M = L (4 x 2) (8)

2.3 Verduidelik verbruiksbesteding op goedere en dienste. (16)
**[50]**

**VRAAG 3: LU2, MIKRO-EKONOMIE, AS1-AS3**

3.1 Beantwoord die volgende vrae soos aangedui:

Vul die ontbrekende woord(e) in. Skryf slegs die ontbrekende woord(e) langs die vraagnommer (3.1.1 - 3.1.4) in die antwoordeboek neer.

3.1.1 Die bevrediging wat 'n verbruiker met die verbruik van goedere verkry, staan as ... bekend.

3.1.2 Die kurwe wat alle moontlike kombinasies van twee produkte aandui en wat gelyke vlakke van behoeftebevrediging aan die verbruiker bied, staan as die ... -kurwe bekend.

3.1.3 Alkoholmisbruik is 'n voorbeeld van 'n ... eksternaliteit.

3.1.4 Die regulering van die brandstofprys deur die owerheid, staan as prys-... bekend. (4 x 2) (8)

3.1.5 Noem enige DRIE faktore wat die vraag na goedere bepaal. (3 x 2) (6)

3.2 Lees die volgende fiktiewe verslag saam met die onderstaande tabel en beantwoord die daaropvolgende vrae:

> Energetic Energizers is 'n maatskappy wat beide gaslampe en flitse vervaardig. Met hul beperkte bronne word hulle egter gedwing om keuses te maak. As gevolg van die kragonderbrekings kan slegs 'n beperkte aantal masjiene gebruik word. Baie werknemers wat van openbare vervoer gebruik maak, kan nie kom werk nie as gevolg van die invloed van kragonderbrekings op oepnbare vervoer.

| MOONTLIKHEDE | GASLAMPE | FLITSE |
|---|---|---|
| A | 15 | 0 |
| B | 12 | 200 |
| C | 9 | 400 |
| D | 6 | 600 |
| E | 3 | 800 |
| F | 0 | 1 000 |

3.2.1 Illustreer/Stip bogenoemde kombinasies akkuraat op 'n grafiek. (8)

3.2.2 Waarom kon die besigheid geen gaslampe by F produseer nie? (2)

3.2.3 Wat is die geleentheidskoste met die produksie van ses gaslampe? (2)

3.2.4 Wat word opgeoffer om 400 flitse te produseer? (2)

3.2.5 Illustreer/Stip op jou grafiek, 'n punt waar produksie-ondoeltreffend ge-skied. Merk die punt as G. (2)

3.2.6 Die besigheid het besluit om in nog 'n nuwe kragopwekker te belê. Verduidelik die effek daarvan op die produksiemoontlikheidskurwe. (4)

3.31 Verduidelik enige VIER voorwaardes waaraan 'n produk moet voldoen alvorens dit op die wêreldmark verkoop kan word. (16)
**[50]**

**VRAAG 4: LU3, EKONOMIESE STREWES, AS1 – AS4**

4.1 Beantwoord die volgende vrae soos aangedui:

Vul die ontbrekende woord(e) in. Skryf slegs die ontbrekende woord(e) langs die vraagnommer (4.1.1 - 4.1.4) in die antwoordeboek neer.

4.1.1 'n Land waar elemente van 'n Eerste en Derde wêreld geakkomodeer word, staan as 'n ...-ekonomie bekend.
4.1.2 Die bevolkingsgroeikoers word deur die sterftekoers, geboortekoers en ... beïnvloed.
4.1.3 NEPAD is 'n onderneming deur Afrika-leiers om ... te beveg deur volhoubare groei en ontwikkeling.
4.1.4 Die neiging tot wêreldwye interaksie tussen ekonomieë word ... genoem. (4 x 2) (8)

4.1.5 Noem enige DRIE gevolge van kolonialisme. (3 x 2) (6)

4.2 Bestudeer die onderstaande tabel en beantwoord die daaropvolgende vrae:

| **EKONOMIESE SEKTOR - as deel van die BBP** | **1912 %-bydrae** | **1980 %-bydrae** | **2005 %-bydrae** |
|---|---|---|---|
| Primêre sektor | 48,8 | 23,1 | 10,9 |
| Sekondêre sektor | 5,8 | 31,1 | 23,9 |
| Tersiêre sektor | 45,4 | 45,8 | 65,2 |

4.2.1 Verduidelik die primêre sektor in jou eie woorde. (4)

4.2.2 Wat is die neiging in die primêre sektor ten opsigte van hul bydrae tot die BBP vanaf 1912 tot 2005? Gee syfers. (6)

4.2.3 Verduidelik, in jou eie woorde, enige TWEE moontlike redes vir die afname in die bydrae van die sekondêre sektor vanaf 1980 tot 2005. (4)

4.2.4 Gee EEN voorbeeld van 'n vervaardigingsbedryf/industrie wat 'n groot bydrae tot die BBP van Suid-Afrika lewer. (2)

4.2.5 Watter sektor se bydrae tot die BBP was gedurende 2005 die grootste? Gee EEN moontlike rede vir jou antwoord. (2)

4.3 Bespreek die faktore wat tot ekonomiese ontwikkeling na 1994 bygedra het. (16)
**[50]**

**VRAAG 5: LU4, KONTEMPORêRE EKONOMIESE ONDERWERPE, AS1 - AS4**

5.1 Beantwoord die volgende vrae soos aangedui:

Vul die ontbrekende woord(e) in. Skryf slegs die ontbrekende woord(e) langs die vraagnommer (5.1.1 5.1.4) in die antwoordeboek neer.

5.1.1 Politieke onsekerheid en sosiale konflik in gemeenskappe kan tot 'n ... in produktiwiteit lei.

5.1.2 Die doel van vakbonde is om die ... van lede te bevorder en te onderhou.

5.1.3 Monetêre maatreëls is stappe wat deur die Reserwebank gedoen word om ... te beheer.

5.1.4 MIV/Vigs affekteer die ekonomie negatief deurdat dit verbruikersbesteding ... . (4 x 2) (8)

5.1.5 Noem enige DRIE vorme van maatskaplike welsynstoelaes in Suid-Afrika. (3 x 2) (6)

5.2 Lees die volgende uittreksel en beantwoord dan die daaropvolgende vrae:

> NEPAD is 'n onderneming deur Afrika-leiers om armoede te beveg om sodoende hul lande - individueel en gesamentlik - op 'n pad van volhoubare groei en ontwikkeling te plaas en om marginalisering van Afrika in die proses van globalisering te stop. In die verband, is dit belangrik dat Suid-Afrika 'n goeie voorbeeld aan die res van die kontinent stel, deur ondersteuning van demokrasie en ekonomiese vooruitgang.

[Uit: *Ekonomie vir Almal*]

5.2.1 Wat is die huidige ekonomiese prestasie van die Suid-Afrikaanse ekonomie met betrekking tot ekonomiese groei en inflasie? (4)

5.2.2 Wat is die belangrikste doelwit van NEPAD? Gee TWEE redes vir jou antwoord. (6)

5.2.3 Definieer *armoede*. (4)

5.2.4 Beskryf *marginalisering van Afrika* in breë terme. (6)

5.3 Identifiseer en bespreek die faktore wat die vraag na arbeid in Suid-Afrika bepaal. (16)

**[50]**

**VRAAG 6: LU1 MAKRO-EKONOMIE, AS1-AS4 EN
LU2 MIKRO-EKONOMIE, AS1-AS3**

6.1 Beantwoord die volgende vrae soos aangedui:

Vul die ontbrekende woord(e) in. Skryf slegs die ontbrekende woord(e) langs die vraagnommer (6.1.1 - 6.1.4) in die antwoordeboek neer.

6.1.1 Subsidiëring van goedere en dienste word as 'n metode van inkomste ... beskou.

6.1.2 'n Enkel fase van die sakesiklus strek van piek tot ... .

6.1.3 Aanlegte en masjinerie wat in die produksie van goedere en dienste aangewend word, verwys na ... belegging.

6.1.4 Die vertakking van die ekonomie wat te make het met buitelandse handel en investering, staan as ... bekend. (4 x 2) (8)

6.1.5 Noem enige DRIE soorte subsidies. (3 x 2) (6)

6.2 Lees die volgende denkbeeldige verslag en beantwoord die daaropvolgende vrae:

**IRRASIONELE KEUSES WORD UITGEBUIT**

'Die afplatting van die kleinsakesektor het nie besteding op skoonheidsmiddels enigsins beïnvloed nie. Wydverspreide bewustheid van voorkoms het daartoe gelei dat mense eerder minder aan voedsel bestee as aan kosmetiese produkte,' sê mnr. James Dlamini.

Hy het die Beste Vordering Mikro-besigheidskategorie in die 2005 Entrepreneur van die Jaar-kompetisie gewen. Hy het JD Hair Enterprises 10 jaar gelede, saam met sy vrou en drie assistente, gestig. Hy het 'n kursus in haarversorging in Kaapstad voltooi, terwyl hy as kelner by die Mount Nelson Hotel gewerk het. Dlamini sê dat die mense in die 'townships' toenemend bewus raak van hul uiterlike voorkoms. Die haarversorgingsbedryf in Suid-Afrika beleef 'n geweldige groei met die koms van mense uit Sentraal- en Noord-Amerikaanse state.

6.2.1 Waarom word die besluite van hierdie verbruikers as irrasioneel beskou? (4)

6.2.2 Watter TWEE groepe mense sal baat vind by die irrasionele besluite? (4)

6.2.3 Noem enige TWEE faktore wat tot die groei van James Dlamini se besigheid bygedra het. (4)

6.2.4 Noem enige TWEE organisasies in Suid-Afrika wat mikro-besigheidsontwikkeling bystaan. (4)

6.2.5 Watter sin in die teksgedeelte het dieselfde betekenis as die aanhaling? (2)

6.2.6 In watter sektor van die ekonomie word mnr. Dlamini se besigheid aangetref? (2)

6.3 Bespreek, met behulp van 'n grafiek, 'n regeringsubsidie op die mielieproduksie. Lê klem op wat die uitwerking daarvan op die aanbod van mielies sal wees. (16)
**[50]**

**TOTAAL AFDELING B: 150**

**AFDELING C**

Beantwoord enige TWEE vrae uit hierdie afdeling.

**VRAAG 7: LU1, MAKRO-EKONOMIE, AS4**

Die Suid-Afrikaanse Sakekamer het gewaarsku dat kragonderbrekings 'n ernstige uitwerking op besigheidsaktiwiteite het, met 'n verwagte syfer van ten minste R500-miljoen in verliese.'

[Bron: *Mail and Guardian*, 26 Maart 2006, aangepas]

Die verwagte miljoene rande se verliese deur SuidAfrikaanse besighede as gevolg van kragonderbrekenings kan 'n betekenisvolle uitwerking op die sakesiklus, hê sou die probleem voortduur.

Bespreek die fases van 'n sakesiklus. Skryf 'n verslag aan die plaaslike besigheidsforum oor die impak van die kragonderbrekings op die ekonomies-kwesbares. **[50]**

**VRAAG 8: LU2, MIKRO-EKONOMIE, AS1**

Bespreek die funksies van markte in detail, met die klem op die vasstelling van pryse en hoeveelhede. Maak gebruik van 'n toepaslike grafiek met byskrifte. **[50]**

**VRAAG 9: LU3, EKONOMIESE STREWES, AS4**

'Die erns van die ekonomiese impak van MIV/Vigs hou direk verband met die feit dat die meeste besmette persone deel van die top produktiewe en reproduktiewe ouderdoms-groepe vorm. Vigs dood dié waarop die gemeenskap steun vir die lewering van oeste, werkers in die myne en fabrieke, besure van skole en hospitale en leiers van nasies en lande.' - Nelson Mandela

Ontleed die Suid-Afrikaanse arbeidsmag deur die impak van MIV/Vigs te beklemtoon. **[50]**

**VRAAG 10: LU4, KONTEMPORÊRE EKONOMIESE VRAAGSTUKKE, AS1**

Lees die volgende advertensie vir werk en beantwoord die daaropvolgende vrae.

**BESTUURDER:**
**TEGNIESE DIENSTE**
**(VERWYSINGSNOMMER: 28/05)**

**VEREISTES:**
'n B.-graad in Siviele of Elektriese Ingenieurswese of 'n gelykwaardige kwalifikasie met vyf jaar praktiese ondervinding in beplanning, ontwerp en fasilitering van projekte op Munisipale vlak. Kandidate moet ondervinding hê van 'n bestuursposisie. Belangstellende en kwalifiserende aansoekers word uitgenooi om hul aansoeke, tesame met 'n omvattende CV en bewys van kwalifikasies aan die Munisipale Bestuurder te stuur.
**SLEUTELAREAS VAN FUNKSIONERING:** s Dien as adviseur vir die Hersoneringskomitee rakende alle infrastruktuur- en ingenieursverwante projekte. s Toesighouding by installering/konstruksie van water, sanitasie, riolering, paaie, elektrisiteit en behuisings-infrastruktuur in gemeenskappe binne die jurisdiksie van die Munisipaliteit. s Toesighouding oor alle geïnstalleerde infrastruktuur vir die doeltreffende en effektiewe voorsiening van basiese dienste. s Uitvoering van voortgesette instandhouding van geïnstalleerde infrastruk-tuur wat basiese dienste aan gemeenskappe voorsien. s Bestuur alle Diensvlakooreenkomste' ('SLA') rakende uitgekontrakteerde onderhoud in basiese dienslewering aan gemeenskappe. s Uitvoer van gehalteinspeksies op werk gelewer deur uitgekontrakteerde diensverskaffers. s Bestuur die infrastruktuurontwikkeling en instandhouding daarvan binne die raamwerk van die Munisipaliteit.
**Salaris: Onderhandelbaar**

Advertensies soos die een hierbo is weekliks in Sondagkoerante beskikbaar, maar ten spyte hiervan, is baie mense steeds werkloos.

Skryf 'n memorandum aan die Minister van Arbeid waarin jy sekere voorstelle maak hoe die probleem van werkloosheid in Suid-Afrika opgelos kan word. **[50]**

**TOTAAL AFDELING C: 100**

**GROOTTOTAAL: 300**

Kopiereg voorbehou